

**1 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 29:1-30:18**

**Fokusgedeelte: Jesaja 30:15-18**

### **Word stil voor God en voel veilig**

God se geduld en lankmoedigheid met sy volk in die tyd van die Ou Testament is absoluut verstommend. Hy het hulle uit Egipte verlos. Hy het hulle sy volk gemaak, aan hulle 'n land gegee en hulle telkens van hulle vyande verlos. Juis daarom is dit so moeilik om te verstaan dat die volk die Here voortdurend verlaat het. Moeilik om te verstaan? In 'n sekere sin tog nie, want die mens bly geneig om die verkeerde te doen en die goeie na te laat. Jesaja moes aan die volk gaan verkondig dat hulle nie die Here se genade as iets vanselfsprekends moes aanvaar nie. Hulle kan hulle nie op die Here of op sy verbond met hulle beroep as hulle op die verkeerde pad volhard en bly weier om hulle te bekeer nie. Die Here het voortdurend sy profete na die volk gestuur, Hy het hulle bly waarsku, bly vermaan en hulle bly oproep tot bekering. As hulle op daardie pad volhard, wag daar ellende. Eerder as om op die Here te vertrou, het hulle op hulle eie mag en vermoëns vertrou. Dit was egter 'n fatale fout. Hulle sou moes leer om stil te wees voor God, om te wag op uitkoms op sy tyd, en eers dan sou hulle veilig kon voel. Dit is tipies van die mens om ongeduldig te word. Jy is nie bereid om te wag nie – ook nie om te wag dat God op sy tyd dinge in jou lewe en om jou sal regmaak nie. Omdat ons sekerheid van ons verlossing in Christus het, moet ons leer om stil te wees en om op God se tyd te wag.

*Sing: Psalm 42:3,5*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*